STAAT VAN **FINANSIËLE STAND**

OP 30 JUNIE 2020

R miljoen	Aantekeninge	30 Junie 2020[1]	30 Junie 2019
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting		**16 845**	14 541
Beleggingseiendomme		**109**	119
Ontasbare bates	6	**21 067**	24 024
Beleggings – Geëkwiteer	7	**50 991**	71 183
– Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (BWAOI)[2]		**12 505**	3 727
Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies (BWWV)		**309**	147
Verskansingsinstrumente		**101**	–
Aftreevoordele		**868**	748
Langtermynlenings en debiteure		**181**	311
Uitgestelde belasting		**190**	199
		103 166	114 999
Bedryfsbates		**43 933**	40 539
Voorraad		**12 032**	12 034
Biologiese landboubates		**805**	866
Debiteure en korttermynlenings		**9 958**	9 543
Finansiële bates teen BWWV		**11**	148
Belasting		**258**	108
Belegging in geldmarkfondse		**4 945**	5 175
Kontant en kontantekwivalente		**15 631**	12 662
		43 640	40 536
Bates gehou vir verkoop		**293**	3
Totale bates		**147 099**	155 538
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde kapitaal		**13 416**	13 416
Reserwes		**73 921**	88 251
Tesourie-aandele		**(564)**	(570)
Aandeelhouersekwiteit		**86 773**	101 097
Nie-beherende belang		**14 670**	15 092
Totale ekwiteit		**101 443**	116 189
Nie-bedryfslaste		**23 139**	26 770
Aftreevoordele		**141**	186
Langtermynlenings	8	**15 167**	21 020
Huurverpligtinge		**1 725**	–
Uitgestelde belasting		**6 106**	5 563
Finansiële laste teen BWWV		**–**	1
Bedryfslaste		**22 517**	12 579
Handels- en ander krediteure		**11 616**	11 106
Korttermynlenings[3]		**10 158**	1 376
Huurverpligtinge		**310**	–
Finansiële laste teen BWWV		**279**	54
Belasting		**154**	43
Totale ekwiteit en laste		**147 099**	155 538

(1) *Verwys na "Verandering in rekeningkundige beleid" op bladsy 130 vir die uitwerking van die implementering van nuwe rekeningkundige standaarde.*

(2) *Met ingang van 8 Junie 2020 is Remgro se wesentlike invloed op FirstRand beëindig, onder andere vanweë die RMH-ontbondeling, en is die belegging van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen BWAOI herklassifiseer.*

(3) *Aangesien die omruilbare skuldbriewe van £350 miljoen 'n vervaldatum van 22 Maart 2021 het, is dit in die 2020-finansiële jaar as korttermynlenings geklassifiseer.*

INKOMSTESTAAT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020

R miljoen	Aantekeninge	30 Junie 2020	30 Junie 2019
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE			
Omset	14	**54 732**	56 968
Voorraaduitgawes		**(32 291)**	(33 606)
Personeelkoste		**(8 451)**	(8 576)
Waardevermindering		**(1 682)**	(1 303)
Ander netto bedryfsuitgawes		**(10 763)**	(10 205)
Handelswins		**1 545**	3 278
Dividendinkomste		**45**	78
Rente ontvang		**862**	1 268
Billike waarde aanpassing op omruilbare skuldbriewe opsie		**2**	112
Finansieringskoste		**(1 876)**	(1 477)
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde		**(4 234)**	(7 218)
Verliesvoorsienings op lenings		**(290)**	(274)
Wins met winskoop		**278**	–
Wins met verkoop en verwatering van beleggings		**4 220**	137
Gekonsolideerde wins/(verlies) voor belasting		**552**	(4 096)
Belasting		**(452)**	(987)
Gekonsolideerde wins/(verlies) na belasting		**100**	(5 083)
Belang in na-belaste wins/(verlies) van geëkwiteerde beleggings	7	**(2 272)**	1 708
Netto verlies vir die jaar van voortgesette bedrywighede		**(2 172)**	(3 375)
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE[1]			
Wins vir die jaar van beëindigde bedrywighede		**8 755**	11 127
Netto wins vir die jaar		**6 583**	7 752
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers		**6 646**	7 319
Voortgesette bedrywighede		**(2 109)**	(3 808)
Beëindigde bedrywighede		**8 755**	11 127
Nie-beherende belang		**(63)**	433
		6 583	7 752

[1] *Op 31 Maart 2020 is die belegging in RMH van "belegging – geëkwiteer" na "bates gehou vir uitkering" oorgedra (verwys na "Verwante party transaksies" op bladsy 139). Wins van beëindigde bedrywighede sluit die geëkwiteerde inkomste van RMH vir beide finansiële jare aangebied, in, asook die wins gerealiseer met die RMH-ontbondeling. Die vorige jaar sluit ook die wins wat met die verkoop van Unilever gerealiseer is, in.*

STAAT VAN **OMVATTENDE INKOMSTE**

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020

R miljoen	30 Junie 2020	30 Junie 2019
Netto wins vir die jaar	**6 583**	7 752
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**6 554**	55
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:		
Wisselkoersaanpassings	**6 880**	(377)
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**(3)**	(25)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**6**	7
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**(1 073)**	(90)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**2 671**	1 232
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:		
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**(1 210)**	206
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**(668)**	57
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**133**	23
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**(37)**	(7)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**(145)**	(971)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**13 137**	7 807
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**12 900**	7 423
Nie-beherende belang	**237**	384
	13 137	7 807

STAAT VAN **VERANDERINGE IN EKWITEIT**

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020

R miljoen	30 Junie 2020	30 Junie 2019
Saldo aan die begin van die jaar	**116 189**	112 330
Verandering in rekenkundige beleid[1]	**(323)**	–
Herstateerde saldo aan die begin van die jaar	**115 866**	112 330
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**13 137**	7 807
Dividende betaal	**(3 883)**	(3 759)
Dividende *in specie*	**(23 716)**	–
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**58**	(9)
Ander bewegings	**(25)**	11
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**6**	205
Tesourie-aandele deur volfiliaal aangekoop	**–**	(396)
Saldo aan die einde van die jaar	**101 443**	116 189

[1] *Verwys na "Verandering in rekeningkundige beleid" op bladsy 130 vir die uitwerking van die implementering van nuwe rekeningkundige standaarde.*

STAAT VAN **KONTANTVLOEI**

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020

R miljoen	30 Junie 2020	30 Junie 2019
Kontantvloei – bedryfsaktiwiteite		
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**4 340**	4 372
Rente ontvang	**777**	1 256
Belasting betaal	**(772)**	(1 217)
Dividende ontvang[1]	**2 984**	3 381
Finansieringskoste	**(1 592)**	(1 492)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**5 737**	6 300
Dividende betaal	**(3 883)**	(3 759)
Kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**1 854**	2 541
Kontantvloei – beleggingsaktiwiteite		
Belegging in eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**(2 467)**	(2 636)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates	**131**	69
Opbrengs met verkoop van bates gehou vir verkoop[2]	**10**	5 084
Besighede verkry	**110**	(61)
Opbrengs met verkoop van beleggings en lenings	**925**	1 004
Toevoegings tot beleggings en lenings[3]	**(417)**	(4 484)
Belegging in geldmarkfondse	**(2 275)**	(1 179)
Onttrekking van geldmarkfondse	**2 505**	–
Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(1 478)**	(2 203)
Kontantvloei – finansieringsaktiwiteite		
Lenings terugbetaal	**(11)**	(600)
Huurbetalings	**(406)**	–
Aankoop van tesourie-aandele	**–**	(396)
Ander bewegings	**166**	180
Kontantuitvloei uit finansieringsaktiwiteite	**(251)**	(816)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**125**	(478)
Wisselkoerswins op buitelandse kontant	**1 549**	38
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**11 545**	11 985
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**13 219**	11 545
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**15 631**	12 662
Oortrokke bankrekening	**(2 412)**	(1 117)

(1) *Die dividend ontvang vanaf RMI in die vergelykende jaar ten opsigte van die herinvesteringsopsie, ten bedrae van R300 miljoen, was nie in "Dividende ontvang" en "Toevoegings tot beleggings en lenings" vir kontantvloeidoeleindes ingesluit nie.*
(2) *Die vergelykende jaar sluit die R4 900 miljoen kontant wat met die verkoop van die belegging in Unilever ontvang is, in.*
(3) *Die vergelykende jaar sluit die beleggings in CIVH en Prescient ten bedrae van R3 683 miljoen, in.*

AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020

1. VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state is ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk (JSE) vir verkorte finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet wat van toepassing is op verkorte finansiële state opgestel. Die JSE vereis dat verkorte finansiële state ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die SAICA Finansiële Rapporteringsriglyne soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarde Raad opgestel word, en ook om, as 'n minimum, die inligting soos vereis deur *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening* te bevat.

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die gekonsolideerde finansiële state, waaruit die verkorte gekonsolideerde finansiële state afgelei is, is ooreenkomstig IFRS en in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die vorige gekonsolideerde finansiële state, met die uitsondering van die implementering van *IFRS 16: Hure*. Verwys na "Verandering in rekeningkundige beleid" vir meer besonderhede oor die implementering van hierdie standaard. Gedurende die jaar onder oorsig het verskeie ander interpretasies en wysigings effektief geword, maar die implementering daarvan het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige jare gehad nie. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Neville Williams GR(SA), opgestel.

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state bevat nie al die inligting en openbaarmakings wat in die gekonsolideerde finansiële state vereis word nie. Die verkorte gekonsolideerde finansiële state is 'n uittreksel van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, waarvoor PricewaterhouseCoopers Geïnk. 'n ongekwalifiseerde verslag uitgereik het. Die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ongekwalifiseerde ouditverslag is by die geregistreerde kantoor van die maatskappy vir inspeksie beskikbaar.

2. VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE BELEID

Die groep het *IFRS 16: Hure* terugwerkend vanaf 1 Julie 2019 implementeer, maar het nie, soos toegelaat deur die oorgangsvoorsienings vir die standpunt, vergelykende syfers vir die verslagtydperk tot 30 Junie 2019 herstateer nie. Die herklassifikasies en aanpassings voortspruitend uit die nuwe hure reëls word daarom in die openingstaat van finansiële stand op 1 Julie 2019 erken.

By die implementering van *IFRS 16* erken die groep hierdie verpligtinge ten opsigte van hure wat voorheen geklassifiseer is as bedryfshure ingevolge die beginsels van *IAS 17: Hure*. Hierdie verpligtinge word gemeet teen die huidige waarde van die oorblywende huurpaaiemente, verdiskonteer deur gebruik te maak van die huurder se inkrementeleleenkoers op 1 Julie 2019. Die geweegde gemiddelde inkrementeleleenkoers van toepassing op die huurlaste van die vernaamste filiale was op 1 Julie 2019 soos volg:

Distell	8.7%
RCL Foods	8.6%
Wispeco	10.0%

Ingevolge *IAS 17*, is bedryfshuurbetalings op 'n reguitlyn-grondslag as uitgawe erken. Ingevolge *IFRS 16* word huurlaste met ooreenstemmende gebruiksreg-bates erken. Finansieringskoste loop op op die huurlaste en die waardevermindering op die gebruiksreg-bates word afgeskryf oor die nuttige lewe daarvan. Huurterugbetalings word teen hierdie huurlaste verantwoord.

'n Aantal oorgangsopsies is vir huurders beskikbaar onder *IFRS 16*. Die groep maak gebruik van die aangepaste terugwerkende benadering, waar twee opsies op 'n huur-tot-huur-grondslag beskikbaar is:

- Die huurlaste word gemeet teen die huidige waarde van die oorblywende huurbetalings oor die huurtydperk teen die inkrementeleleenkoers, soos op 1 Julie 2019 gemeet. Die gebruiksreg-bate word terugwerkend gemeet asof *IFRS 16* nog altyd toegepas is, met 'n aanpassing vir opgelope verdienste.
- Die huurlaste word gemeet teen die huidige waarde van die oorblywende huurbetalings oor die huurtydperk teen die inkrementeleleenkoers, soos op 1 Julie 2019 gemeet. Die gebruiksreg-bate word gemeet teen 'n bedrag gelykstaande aan die huurlas, aangepas vir vooruitbetalings.

Soos toegelaat ingevolge *IFRS 16*, is die gebruiksreg-bates bepaal om gelyk te wees aan die onderskeie huurverpligtinge.

2. VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Met die aanvanklike toepassing van *IFRS 16*, het die groep die volgende praktiese uitkomste, wat deur die standpunt toegelaat word, gebruik:

- Die toepassing van 'n enkele diskontokoers ten opsigte van 'n portefeulje huurooreenkomste met karaktertrekke wat redelik ooreenstem;
- Verantwoording van bedryfshure, met 'n oorblywende huurtermyn van minder as 12 maande op 1 Julie 2019, as korttermynhure;
- Uitsluiting van aanvanklike direkte koste vir die meting van gebruiksreg-bates op die datum van aanvanklike toepassing; en
- Gebruik van nawete in die bepaling van die huurtermyn, waar die kontrak opsies bevat om die huur te verleng of te beëindig.

Belangrike beoordelings:

- Die belangrikste beoordelings wat vereis word vir die implementering van *IFRS 16* hou verband met RCL Foods Beperk (RCL Foods) se veranderlike huurbetalings ten opsigte van die kontrak vir kontrakboereiendom en -toerusting, sonpanele en suikerrietplase, sowel as die verantwoording van huurkontrakte met verlenging- of beëindigingsopsies deur daardie filiaal. Hierdie skattings sal hersien word indien beduidende gebeurtenisse of verandering in omstandighede voorkom. In die huidige verslagtydperk was daar geen hersienings van huurvoorwaardes wat gespruit het uit veranderinge in bestuur se skatting van verlenging- of beëindigingsopsies nie.

Die verandering in rekeningkundige beleid het 'n impak op die volgende lynitems in die staat van finansiële stand op 1 Julie 2019:

R miljoen	Toename/ (afname)
Eiendom, aanleg en toerusting	**1 474**
Debiteure en korttermynlenings	**(1)**
Handels- en ander krediteure	**(30)**
Huurlaste	**1 705**
Langtermynlenings	**(181)**
Korttermynlenings	**(21)**
Netto uitwerking op behoue verdienste	**–**

Rekonsiliasie van bedryfshuurverpligtinge soos getoon in die 2019 finansiële jaarstate tot die huurverpligting erken op 1 Julie 2019:

R miljoen	Toename/ (afname)
Bedryfshuurverpligtinge getoon soos op 30 Junie 2019	**1 125**
Verdiskonteer deur gebruik te maak van die huurder se inkrementeleleenkoers op 1 Julie 2019	**(194)**
	931
Min: Korttermynhure nie as 'n las erken nie	**(41)**
Min: Lae-waarde-hure nie as 'n las erken nie	**(24)**
Aanpassings as 'n resultaat van 'n verskillende hantering van die uitstel en beëindigde opsies	**309**
Reëlings wat 'n huur insluit	**126**
Finansiële huurverpligtinge erken soos op 30 Junie 2019	**202**
Kontrakte herevalueer as huurkontrakte	**208**
Ander	**(6)**
Huurlaste erken soos op 1 Julie 2019	**1 705**
Bestaande uit:	
Langtermyn huurverpligtinge	**1 383**
Korttermyn huurverpligtinge	**322**
	1 705

Die grootste bydraes tot Remgro se implementering van *IFRS 16* was vanaf RCL Foods en Distell Group Holdings Beperk (Distell).

Die groep se geëkwiteerde beleggings het ook *IFRS 16* implementeer op dieselfde basis as hierbo genoem. Die uitwerking van hul implementering van *IFRS 16* op die staat van finansiële stand op 1 Julie 2019 was soos volg:

R miljoen	Afname
Beleggings – Geëkwiteer	**323**
Geëkwiteerde reserwes	**323**

3. VERGELYKING MET DIE VORIGE JAAR

As gevolg van die ontbondeling van Remgro se 28.2%-belang in RMB Holdings Beperk (RMH) (RMH-ontbondeling), word verdienste en wesensverdienste maatstawwe vir voortgesette en beëindigde bedrywighede aangebied. Die belegging in RMH word as 'n beëindigde bedrywigheid hanteer en gevolglik sluit beëindigde bedrywighede die geëkwiteerde inkomste van RMH vir beide finansiële jare in, sowel as die wins wat met die RMH-ontbondeling gerealiseer is. Vir die jaar onder oorsig is die belegging in RMH geëkwiteer vir die nege maande tot 31 Maart 2020 (2019: twaalf maande tot 30 Junie 2019). Beëindigde bedrywighede in die vorige jaar sluit ook die wins in wat met die verkoop van Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever) gerealiseer is.

Daar moet ook op gelet word dat met ingang van 8 Junie 2020, Remgro se beduidende invloed oor FirstRand Beperk (FirstRand) beëindig is vanweë, onder andere, die RMH-ontbondeling en gevolglik is die belegging herklassifiseer van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (FirstRand-herklassifikasie). Vir die jaar onder oorsig is die belegging in FirstRand geëkwiteer tot 8 Junie 2020. In die toekoms sal net dividendinkomste van FirstRand in die inkomstestaat verantwoord word.

In die jaar onder oorsig het die kategorieë, waarin die resultate van die onderliggende beleggings, gerapporteer word, verander. Voorheen is RMH en FirstRand onder *bankwese* geklassifiseer en Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI) onder *versekering*. As gevolg van die RMH-ontbondeling is hierdie maatskappye by die *finansiële dienste*-kategorie ingesluit. Vergelykende syfers word ooreenkomstig aangebied.

4. WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

R miljoen	30 Junie 2020	30 Junie 2019
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE		
Netto verlies vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**(2 109)**	(3 808)
– Waardedaling van geëkwiteerde beleggings[1]	**930**	5 533
– Terugskrywing van waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**(73)**	–
– Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**639**	757
– Terugskrywing van waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**(2)**	(3)
– Waardedaling van beleggingseiendomme	**10**	–
– Waardedaling van ontasbare en ander bates[2]	**2 730**	931
– Wins met winskoop	**(278)**	–
– Wins met verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings[3]	**(4 241)**	(60)
– Verlies met verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings	**21**	16
– Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(56)**	(208)
– Verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**18**	39
– Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**–**	(90)
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**4 725**	3 427
– Verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**16**	12
– Wins met verkoop van beleggings	**(130)**	(250)
– Verlies met verkoop van beleggings	**8**	16
– Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde[4]	**4 810**	3 666
– Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**–**	(6)
– Ander items aanpasbaar vir wesensverdienste	**21**	(11)
– Belastinguitwerking van aansuiwerings	**(204)**	(514)
– Nie-beherende belang	**(373)**	(469)
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede	**1 737**	5 551
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE		
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**8 755**	11 127
– Wins met verkoop van geëkwiteerde beleggings[5]	**(7 360)**	(8 318)
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**35**	(165)
– Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**–**	(5)
– Verlies/(wins) met verkoop van beleggings	**35**	(287)
– Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**–**	63
– Belastinguitwerking van aansuiwerings	**–**	64
Wesensverdienste van beëindigde bedrywighede	**1 430**	2 644
Totale wesensverdienste van voortgesette en beëindigde bedrywighede	**3 167**	8 195

(1) *Verwys na "Netto waardedalings van geëkwiteerde beleggings" op bladsy 134 vir meer besonderhede.*
(2) *Verwys na "Ontasbare bates" op bladsy 133 vir meer besonderhede.*
(3) *"Wins met verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings" vir die jaar onder oorsig sluit die wins ten bedrae van R4 228 miljoen wat gerealiseer is met die FirstRand-herklassifikasie, in.*
(4) *"Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde" van geëkwiteerde beleggings vir die jaar onder oorsig sluit Remgro se gedeelte van die waardedalings van Mediclinic se bates in Switserland en die Midde-Ooste in, asook sy belegging in Spire ten bedrae van R4 330 miljoen (2019: R2 873 miljoen).*
(5) *"Wins met verkoop van geëkwiteerde beleggings" vir die jaar onder oorsig sluit die wins gerealiseer met die RMH-ontbondeling in. Die vergelykende jaar sluit die wins wat met die verkoop van Unilever gerealiseer is, in.*

5. VERDIENSTE EN DIVIDENDE

Sent	30 Junie 2020	30 Junie 2019
Totale wesensverdienste per aandeel		
– Basies	**560.6**	1 448.9
Voortgesette bedrywighede	**307.5**	981.4
Beëindigde bedrywighede	**253.1**	467.5
– Verwater	**558.4**	1 445.9
Voortgesette bedrywighede	**305.6**	978.8
Beëindigde bedrywighede	**252.8**	467.1
Verdienste per aandeel		
– Basies	**1 176.4**	1 294.0
Voortgesette bedrywighede	**(373.3)**	(673.2)
Beëindigde bedrywighede	**1 549.7**	1 967.2
– Verwater	**1 173.6**	1 292.0
Voortgesette bedrywighede	**(373.9)**	(673.7)
Beëindigde bedrywighede	**1 547.5**	1 965.7
Dividende per aandeel		
Gewoon	**265.00**	564.00
– Tussen	**215.00**	215.00
– Finaal	**50.00**	349.00

6. ONTASBARE BATES

R miljoen	30 Junie 2020	30 Junie 2019
Drawaarde aan die begin van die jaar	**24 024**	18 427
Toevoegings	**149**	90
Besighede verkry	**8**	6 919
Waardedalings	**(2 730)**	(927)
Amortisasie	**(523)**	(493)
Wisselkoersaanpassings	**132**	–
Oordragte en ander	**7**	8
Drawaarde aan die einde van die jaar	**21 067**	24 024

Op 30 Junie 2020 het Remgro 'n waardedaling ten bedrae van R1 809 miljoen erken met betrekking tot die klandisiewaarde wat aan Distell toegeken is tydens die besigheidsamevoeging van die maatskappy in Mei 2018. Die Covid-19-nasionale inperking, met gepaardgaande verbod op die verkoop van alkohol, het 'n merkbare impak op Distell se besigheid gehad. Die vooruitskattings van kontantvloei wat in die verdiskonteerde kontantvloeimodel gebruik word om Distell se waarde in gebruik te bepaal, is gevolglik verminder. Dit het 'n laer verhaalbare bedrag tot gevolg gehad. Omset en kontantvloeiprojeksies is vir 'n vyfjaartydperk geraam en weerspieël bestuur se beste siening van toekomstige verdienste. 'n Diskontokoers van 11.4% en 'n termyngroeikoers van 4.5% is gebruik om die gebruikswaarde te bepaal.

RCL Foods het 'n waardedaling erken op klandisiewaarde (R598 miljoen) wat verband hou met sy Vector (R287 miljoen), drinkgoed- (R123 miljoen), pasteie- (R114 miljoen) en spesialiteits- (R74 miljoen) besigheidseenhede en ontasbare bates met 'n onbepaalde leeftyd van R315 miljoen ten opsigte van die meule besigheidseenheid. Die waardedalings was die gevolg van die negatiewe impak van die Covid-19-pandemie op die globale en Suid-Afrikaanse ekonomie. Die verhaalbare bedrae van RCL Foods se kontantgenererende eenhede (KGE) is gegrond op die gebruikswaarde.

Remgro het geen bykomende waardedalings erken ten opsigte van klandisiewaarde wat aan Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) toegeken is nie (2019: R888 miljoen). Die verhaalbare bedrag van die belegging in Siqalo Foods, wat meer is as die drawaarde, is die gebruikswaarde en dit is bepaal deur van die verdiskonteerde kontantvloeimetode gebruik te maak. Kontantvloeiprojeksies is vir 'n vyfjaartydperk geraam en weerspieël bestuur se beste siening van toekomstige verdienste. 'n Diskontokoers van 12.1% en 'n termyngroeikoers van 5.5% is gebruik.

7. BELEGGINGS – GEËKWITEER

R miljoen	30 Junie 2020	30 Junie 2019
Geassosieerdes	**46 347**	65 417
Gesamentlike ondernemings	**4 644**	5 766
	50 991	71 183

GEËKWITEERDE BELEGGINGSREKONSILIASIE

Drawaarde aan die begin van die jaar	**71 183**	72 629
Verandering in rekeningkundige beleid[1]	**(323)**	–
Herstateerde saldo aan die begin van die jaar	**70 860**	72 629
Belang in netto toeskryfbare wins/(verlies)	**(878)**	4 517
Dividende ontvang	**(2 620)**	(3 615)
Wisselkoersverskille	**5 527**	(472)
Beleggings gemaak	**254**	3 252
RMH-ontbondeling[2]	**(17 182)**	–
FirstRand-herklassifikasie[3]	**(6 061)**	–
Dark Fibre Africa lenings herklassifiseer na korttermyn lenings	**(468)**	–
Netto waardedalings	**(885)**	(5 534)
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	**2 526**	239
Ander bewegings	**(82)**	167
Drawaarde aan die einde van die jaar	**50 991**	71 183

[1] *Verwys na "Verandering in rekeningkundige beleid" op bladsy 130 vir die uitwerking van die implementering van nuwe rekeningkundige standaarde.*
[2] *Op 31 Maart 2020 is die belegging in RMH vanaf "belegging – geëkwiteer" na "bates gehou vir uitkering" oorgedra.*
[3] *Met ingang van 8 Junie 2020 is Remgro se wesentlike invloed op FirstRand beëindig, onder andere vanweë die RMH-ontbondeling, en is die belegging van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen BWAOI herklassifiseer.*

NETTO WAARDEDALINGS VAN GEËKWITEERDE BELEGGINGS EN VERLIESVOORSIENINGS OP LENINGS

Terugskrywings van waardedalings/(waardedalings) is vir die volgende beleggings erken:

R miljoen	30 Junie 2020	30 Junie 2019
Mediclinic (verwys onder)	**–**	(3 898)
Best Global Brands Beperk (BGB)[1]	**(144)**	(524)
PGSI	**–**	(378)
Grindrod[2]	**(596)**	(300)
Grindrod Shipping[2]	**(112)**	(277)
Ander waardedalings	**(33)**	(157)
	(885)	(5 534)

[1] *Die verdere wesentlike devaluering van die Angolese kwanza in die jaar onder oorsig het die verdienste van BGB negatief beïnvloed. Die verhaalbare bedrag is op 'n berekening van billike waarde minus verkoopskoste gebaseer.*
[2] *Hierdie beleggings se waardes is tot die genoteerde markpryse aangepas na 'n wesentlike afname in die aandeelprys.*

Op 30 Junie 2020 was die markwaarde van die genoteerde belegging in Mediclinic International plc (Mediclinic) R18 769 miljoen (2019: R17 891 miljoen), wat beduidend laer as die drawaarde van R27 443 miljoen (2019: R27 917 miljoen) voor waardedaling was. Mediclinic het verliese vir die jaar geëindig 31 Maart 2020 gerapporteer. Bestuur het gevolglik getoets vir waardedaling by wyse van 'n gebruikswaarde-berekening. Die gebruikswaarde-berekening was op 'n verdiskonteerde kontantvloeimodel gebaseer. Die berekening vereis die gebruik van beramings ten opsigte van kontantvloei, groei en diskontokoerse en veronderstel 'n stabiele regulatoriese omgewing. Hierdie beramings is gebaseer op inligting wat algemeen beskikbaar is, soos die konsensusvooruitskattings van ontleders en riglyne wat deur Mediclinic in sy jaarlikse resultate verskaf word. Gegewe die feit dat Mediclinic, ingevolge die noteringsvereistes van die Londense Effektebeurs en laasgenoemde se "Disclosure Guidance and Transparency Rules" inligting wat in die openbaar is, moet monitor vir billikheid teenoor sy interne begrotings en vooruitskattings, en riglyne moet publiseer indien daar 'n wesentlike afwyking is, is bestuur gemaklik dat die beramings gebruik in die verdiskonteerde kontantvloeimodel billik was.

Kontantvloeiprojeksies vir 'n vyfjaartydperk is beraam en weerspieël bestuur se beste siening van toekomstige verdienste. Die diskonto- en langtermyngroeikoers wat vir die besigheidsegmente gebruik is, is soos volg:

	Diskonto-koers (%)	Langtermyn-groeikoers (%)
Suid-Afrika	**13.0**	**4.5**
Switserland	**5.0**	**1.6**
Midde-Ooste	**8.8**	**3.0**

Enige toename in die diskontokoers of afname in die korttermyn-kontantvloeiprojeksies of langtermyngroeikoers mag aanleiding gee tot verdere waardedalings in die toekoms. Die gebruikswaarde van die belegging was R28 776 miljoen op 30 Junie 2020 en gevolglik is geen verdere waardedaling erken nie.

7. BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)
BELANG IN NA-BELASTE WINS/(VERLIES) VAN GEËKWITEERDE BELEGGINGS

R miljoen	30 Junie 2020	30 Junie 2019
Wins voor inagneming van waardedalings en nie-herhalende items	**5 176**	9 228
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(4 810)**	(3 729)
Wins met die verkoop van beleggings	**87**	521
Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**–**	6
Ander items aanpasbaar vir wesensverdienste	**(21)**	11
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**432**	6 037
Belasting	**(952)**	(1 160)
Nie-beherende belang	**(358)**	(360)
	(878)	4 517
Voortgesette bedrywighede	**(2 272)**	1 708
Beëindigde bedrywighede	**1 394**	2 809

8. LANGTERMYNLENINGS

20 000 Klas A 7.5% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**3 507**	3 488
10 000 Klas B 8.3% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**4 313**	4 312
Omruilbare skuldbriewe, met 'n effektiewe rentekoers van 4.5% (termyn verval 22 Maart 2021)	**7 468**	6 117
Verskeie ander lenings	**7 456**	7 205
	22 744	21 122
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	**(7 577)**	(102)
	15 167	21 020

9. TOEVOEGINGS TOT EN VERVANGING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

2 976 2 543

10. KAPITAAL- EN BELEGGINGSVERPLIGTINGE[1]

(Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)

2 299 5 204

11. WAARBORGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE[2]

3 353 5

12. DIVIDENDE ONTVANG VANAF GEËKWITEERDE BELEGGINGS TEEN BELEGGINGS VERREKEN

2 620 3 615

(1) *Die vergelykende jaar sluit 'n beleggingsverpligting van R1.3 miljard aan Milestone China Opportunities Fund IV in, wat intussen verval het.*

(2) *Remgro het 'n waarborg aan Rand Aksepbank uitgereik vir 'n leningsfasiliteit wat aan CIVH toegestaan is om die Vumatel verkryging te befonds. Remgro se blootstelling op 30 Junie 2020 het R3 329 miljoen bedra.*

13. BILLIKE WAARDE HERMETINGS

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente teen billike waarde en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde of werklike netto batewaarde van die belegging in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waardes van afgeleide instrumente wat ingesluit is by finansiële instrumente teen BWWV, word bepaal met verwysing na die toepaslike waardasiemetodologieë en die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabel toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	*Vlak 1*	*Vlak 2*	*Vlak 3*	Totaal
30 Junie 2020				
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWAOI	**10 542**	**101**	**1 963**	**12 606**
Finansiële bates teen BWWV	**–**	**–**	**309**	**309**
Bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWWV	**–**	**11**	**–**	**11**
Belegging in geldmarkfondse	**4 945**	**–**	**–**	**4 945**
	15 487	**112**	**2 272**	**17 871**
LASTE				
Korttermyn instrumente teen BWWV	**–**	**279**	**–**	**279**
	–	**279**	**–**	**279**
30 Junie 2019				
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWAOI	1 532	14	2 181	3 727
Finansiële bates teen BWWV	–	–	147	147
Bedryfsbates				
Finansiële bates teen BWWV	–	7	141	148
Belegging in geldmarkfondse	5 175	–	–	5 175
	6 707	21	2 469	9 197
LASTE				
Langtermyn instrumente teen BWWV	–	1	–	1
Korttermyn instrumente teen BWWV	–	54	–	54
	–	55	–	55

13. BILLIKE WAARDE HERMETINGS (vervolg)

Die volgende tabel toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates aan die begin en einde van die jaar:

R miljoen	Finansiële bates teen BWAOI	Finansiële bates teen BWWV	Totaal
BATES			
Saldo's op 1 Julie 2019	**2 181**	**288**	**2 469**
Toevoegings	**136**	**132**	**268**
Vervreemdings	**(691)**	**(141)**	**(832)**
Wisselkoersaanpassings	**284**	**–**	**284**
Billike waarde aanpassings deur ander omvattende inkomste	**53**	**–**	**53**
Billike waarde aanpassings deur wins en verlies	**–**	**30**	**30**
Saldo's op 30 Junie 2020	**1 963**	**309**	**2 272**

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 299 miljoen en R341 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gebaseer op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat deur die gebruik van verskeie waardasiemetodologieë bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se waardasiemetodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (13%), kontant en kontantekwivalente (2%) asook ongenoteerde beleggings (85%). Ongenoteerde beleggings wat teen transaksiepryse by Milestone se billike waarde ingesluit word bedra R988 miljoen, terwyl sy oorblywende drie ongenoteerde beleggings teen R117 miljoen waardeer is. PRIF se hoofbates is die beleggings in ETG Groep, Octotel, RSAWeb, Lumos Global, Solar Saver, GPR Leasing en Icolo. ETG Groep is waardeer deur 'n markgebaseerde benadering te gebruik, spesifiek die vergelykbare maatskappymetode (Besigheidswaarde/EBITDA), terwyl die ander beleggings waardeer is deur middel van die verdiskonteerde kontantvloeimetode.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n wesentlike invloed op Remgro se finansiële state hê nie aangesien die onderliggende bates van die fondse waarin Remgro sy beleggings gemaak het, wyd verspreid is.

14. SEGMENTOMSET

	Jaar geëindig 30 Junie	
R miljoen	**2020**	2019
Verbruikersprodukte		
Distell	**22 370**	26 180
RCL Foods	**27 659**	25 786
Siqalo Foods	**2 712**	2 626
Nywerheid		
Wispeco	**1 991**	2 376
Totale omset	**54 732**	56 968

14. SEGMENTOMSET (vervolg)
GEDETAILLEERDE OMSETINLIGTING

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2020	2019
Distell		
Spiritualieë	**8 942**	9 263
Wyn	**5 656**	7 179
Sider en gereed-om-te-drink	**7 725**	9 714
Ander	**47**	24
	22 370	26 180
RCL Foods[1]		
Verbruikersgoedere	**4 984**	4 832
Bak	**5 195**	5 061
Hoender	**8 814**	8 632
Suiker	**7 622**	6 613
Vector	**2 589**	2 183
Verkope tussen RCL Foods se besigheidseenhede	**(1 566)**	(1 535)
Groep	**166**	102
	27 804	25 888
Siqalo Foods		
Smere	**2 712**	2 626
Wispeco		
Uitpers- en verwante produkte	**1 721**	2 135
Ander	**270**	241
	1 991	2 376
Uitskakeling van intersegment verkope	**(145)**	(102)
Totale omset	**54 732**	56 968

[1] *RCL Foods het hul segmente in September 2019 herstruktureer wat aanleiding gee tot die hersiening van segment openbaarmakings.*

15. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

FIRSTRAND EN RMH

Op 19 November 2019 het Remgro sy voorneme aangekondig om sy blootstelling aan FirstRand en RMH ten volle of gedeeltelik aan aandeelhouers uit te keer. Terselfdertyd, het RMH aangekondig dat 'n strategiese besluit geneem is om sy portefeulje bates en laste te herstruktureer, wat die uitkering van sy aandeelhouding in FirstRand aan aandeelhouers insluit (FirstRand-ontbondeling).

Op 31 Maart 2020 het Remgro egter aangekondig dat dit voortgaan met die volle uitkering van sy 28.2%-belang in RMH (RMH-ontbondeling) en in April 2020 is 'n gedetailleerde aankondiging van bepalings aan aandeelhouers gestuur. Remgro se belegging in RMH was voorheen as 'n geassosieerde geklassifiseer en geëkwiteer. Met ingang van 31 Maart 2020 het die belegging voldoen aan die kriteria om ingevolge *IFRS 5* as 'n groep gehou vir verkoop geklassifiseer te word en is as 'n nie-bedryfsbate gehou vir uitkering geklassifiseer. Op 8 Junie 2020 het Remgro 397 447 747 gewone aandele in RMH aan aandeelhouers uitgekeer in die verhouding van 0.69939 RMH gewone aandele vir elke 1 Remgro-aandeel gehou. Die markwaarde van die tussendividend *in specie* het R23 855 miljoen bedra en 'n rekeningkundige wins van R7 360 miljoen is met die uitkering gerealiseer.

Op 31 Maart 2020 het Remgro ook aangekondig dat hy sy direkte belang van 3.9% in FirstRand ('n totaal van 219 828 140 FirstRand gewone aandele) sal behou. Remgro se belegging in FirstRand is voorheen as 'n geassosieerde geklassifiseer en geëkwiteer. Met ingang van 8 Junie 2020 is Remgro se wesentlike invloed op FirstRand beëindig, onder andere vanweë die RMH-ontbondeling, en is die belegging as 'n finansiële bate, teen billike waarde deur ander omvattende inkomste, geklassifiseer. In die toekoms sal net die dividendinkomste van FirstRand in die inkomstestaat verantwoord word. Die markwaarde van die belegging op daardie datum het R9 927 miljoen bedra en 'n rekeningkundige wins van R4 228 miljoen is met die herklassifikasie van die belegging gerealiseer.

15. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES (vervolg)

COMMUNITY INVESTMENT VENTURES HOLDINGS EIENDOMS BEPERK (CIVH)

Gedurende die 2019-finansiële jaar het Remgro 'n lening ten bedrae van R100 miljoen aan CIVH gemaak en 'n onderskrywingsfooi van R58 miljoen op 'n CIVH-regte-uitgifte verdien. Soos vroeër gerapporteer, sal die lening en die uitstaande bedrag van die onderskrywingsfooi in CIVH-aandele omskep word. Op 31 Maart 2020 het Remgro 'n bykomende R167 miljoen in CIVH belê in ruil vir die lening en die uitstaande onderskrywingsfooi. Dit het Remgro se belang in CIVH marginaal tot 54.7% (2019: 54.4%) verhoog.

RCL FOODS

Gedurende Junie 2020 het Remgro 'n bykomende 10 573 857 RCL Foods-aandele vir 'n totale bedrag van R100 miljoen verkry. Op 30 Junie 2020 was Remgro se effektiewe belang in RCL Foods 77.1% (2019: 77.5%).

INVENFIN EIENDOMS BEPERK (INVENFIN)

Gedurende die jaar onder oorsig het Invenfin ('n volfiliaal van Remgro) 'n bykomende R103 miljoen in Bos Brands Eiendoms Beperk belê.

ANDER

Vir ander verwante party transaksies verwys na aantekening 7 en 12.

16. GEBEURE NA JAAREINDE

DISTELL

Op 12 Julie 2020 het die Suid-Afrikaanse regering nuwe maatreëls aangekondig om die verspreiding van Covid-19 te bekamp. Hierdie maatreëls het 'n verbod op die verkoop van alkoholiese drank ingesluit, wat op 18 Augustus 2020 opgehef is toe Distell weer kon begin handel dryf. Distell was toegelaat om gedurende die verbod op alkoholverkope steeds produkte in Suid-Afrika te vervaardig en kon ook met normale uitvoerbedrywighede voortgaan. Ander gebiede waar Distell bedrywig is, is nie in dieselfde mate geraak nie en kon grootliks normaal handel dryf, onderhewig aan die algemene ekonomiese beperkings wat in die onderskeie gebiede gegeld het. Distell het die negatiewe gevolge van die alkoholverbod op sy likiditeitsvooruitskattings beoordeel en tot die gevolgtrekking gekom dat dit steeds as 'n lopende saak bly voortbestaan.

Buiten bogenoemde gebeure was daar geen ander beduidende gebeure sedert 30 Junie 2020 nie.

BYLAAG A

SEGMENTVERSLAG
VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2020 Wesens-verdienste[1]	30 Junie 2020 Netto batewaarde Boek-waarde[2]	30 Junie 2020 Netto batewaarde Intrinsieke waarde	Jaar geëindig 30 Junie 2019 Wesens-verdienste[1]	30 Junie 2019 Netto batewaarde Boek-waarde[2]	30 Junie 2019 Netto batewaarde Intrinsieke waarde
Finansiële dienste[3]						
RMI	**599**	**9 736**	**13 708**	1 161	9 335	15 947
FirstRand	**657**	**7 068**	**7 068**	1 093	5 825	15 069
RMH	**1 430**	**–**	**–**	2 644	16 245	33 545
Gesondheidsorg						
Mediclinic	**1 655**	**27 443**	**18 769**	1 693	24 019	17 891
Verbruikersprodukte						
RCL Foods	**92**	**7 189**	**6 029**	254	7 968	7 960
Distell – entiteitsbydrae	**165**	**7 128**	**5 330**	459	9 055	9 060
– *IFRS 3* uitgawe[4]	**(47)**	**–**	**–**	(47)	–	–
Siqalo Foods – entiteitsbydrae	**414**	**6 285**	**6 145**	332	6 164	6 164
– *IFRS 3* uitgawe[4]	**(79)**	**–**	**–**	(80)	–	–
Nywerheid						
Air Products	**333**	**1 264**	**3 979**	343	1 093	4 264
Total	**(20)**	**2 029**	**2 515**	328	2 174	2 722
KTH	**(164)**	**1 601**	**1 961**	161	1 816	2 127
Wispeco	**80**	**1 008**	**810**	121	933	866
PGSI	**(126)**	**205**	**309**	(9)	302	302
Infrastruktuur						
CIVH	**(649)**	**4 458**	**10 584**	(204)	5 064	8 403
Grindrod	**(12)**	**532**	**532**	72	1 049	1 049
Grindrod Shipping	**(46)**	**208**	**208**	(65)	292	292
SEACOM	**(10)**	**8**	**909**	(2)	–	912
Ander infrastruktuurbelange	**1**	**370**	**376**	25	259	259
Media en sport						
eMedia Investments	**78**	**805**	**947**	39	773	773
Ander media- en sportbelange	**19**	**321**	**321**	(19)	269	267
Ander beleggings[5]	**(66)**	**4 400**	**4 439**	39	4 620	4 795
Sentrale tesourie						
Kontant by die kern/Finansieringsinkomste	**479**	**17 073**	**17 073**	755	15 727	15 727
Skuld by die kern/Finansieringskoste	**(949)**	**(15 288)**	**(15 288)**	(711)	(13 919)	(13 919)
Ander netto korporatiewe koste/bates	**(667)**	**2 930**	**3 599**	(187)	2 034	2 499
	3 167	**86 773**	**90 323**	8 195	101 097	136 974
Potensiële KWB-aanspreeklikheid			**(3 050)**			(5 327)
Totaal		**86 773**	**87 273**		101 097	131 647

Verwys na aantekening 12.1 in die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is vir addisionele segmentinligting.

(1) *Verwys na aantekening 4 vir die berekening van wesensverdienste.*
(2) *Totale boekwaarde is gelyk aan aandeelhouersekwiteit.*
(3) *Verwys na die verandering in rapporteringskategorieë op bladsy 132.*
(4) *IFRS 3 uitgawe verteenwoordig die amortisasie- en waardeverminderinguitgawes, netto van belasting, wat verband hou met die addisionele bates geïdentifiseer toe Remgro beheer oor daardie entiteite verkry het.*
(5) *Bestaan hoofsaaklik uit die beleggings in Business Partners en die Milestone entiteite.*